# Hoofstuk van die dag: Matteus 27

> *Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom. (vers 38)*

Die soldate wat Jesus gekruisig het, het Hom die hele tyd met minagting behandel en gespot (vers 27-30). Die pers mantel is

tipiese koninklike klere. Sy kroon is van dorings, en sy septer is ’n stok. Hulle maak van Jesus se koningskap ’n grap, min wetende dat Hy inderdaad die Koning van die konings is (vgl Heb 1:8 en Op 14:14).

Die mengsel van wyn en gal (vers 34), was moontlik deel van die soldate se minagtende gespot (vgl Ps 69:22). Dit was ’n sarkastiese daad van “barmhartigheid” waarmee hulle sy pyn en lyding wou vererger.

Hulle kruisig Jesus in die middel, tussen twee rowers. So bespot hulle sy koningskap verder – sy koninklike raadgewers weerskante van sy “troon” is rowers. Maar ironies genoeg is Jesus se plasing in die middel simbolies: Hy het vir sondaars kom sterf. Dit is waar Hy tuis is (vgl Matt 9:10-11).

’n Mens kan beswaarlik hierdie verse lees en ongeroer bly. Dalk was jy ’n bietjie haastig toe jy dit gelees het. Neem dan tyd en lees die hoofstuk weer ’n keer, en buig dan in aanbidding voor Jesus, jou Koning.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026